
Afrikaans

# Story Power

## 'n Gids om lees en skryf by jou skool te bevorder



Nal'ibali




# Welkom!

Skole is belangrike plekke waar geletterdheid onderrig word, maar hulle speel ook 'n ander belangrike rol – om kinders te inspireer om lewenslange lesers te word!

Wanneer 'n skool in die krag van lees vir genot glo, en die kinders toelaat om dit eerstehands te ervaar, prikkel dit die kinders se belangstelling in lees en skryf. Wanneer julle as 'n skool tyd maak om vir kinders stories te vertel en om op prettige maniere saam met hulle te lees en skryf, ervaar hulle hoe bevredigend en nuttig geletterdheid kan wees.

Wil julle weet hoe om stories eerste te laat staan in julle skool? Dan is hierdie Story Power-gids vir julle! Hierin sal julle voorstelle vind om stories en lees vir genot deel te maak van elke aspek van die skoollewe – van die klaskamer tot die speelgrond; van voor skool, tot tydens skool, tot na skool.

Kom saam met ons op 'n leesavontuur wat kinders inspireer om lees en skryf te gebruik om hul potensiaal te bereik.

*Die Nal'ibali-span*

**NS:** Kyk uit vir ander gidse in die Story Power-reeks! Gaan na **www.nalibali.org** om hulle te vind.

## Wat's binne


Waarom lees vir genot belangrik is.......... 3
Lees hardop vir groepe kinders............... 4
Lees-vir-genot-aktiwiteite ........................ 6
Stories as deel van die kurrikulum ........... 8
Hulpbronne en lees vir genot ................. 10
Meer tale, meer hulpbronne .................. 12
Maak stories deel van die skoollewe..... 13
Spesiale storie-vierings.......................... 14
Stories oral om ons ............................... 15



Vir meer inligting oor die hergebruik en/of verspreiding van hierdie materiaal, kontak Nal'ibali:
The Nal'ibali Trust
Suite 17–201, Gebou 17
Waverley-besigheidspark, Wyecroft-weg
Mowbray, 7700
Tel: (021) 448 6000
E-pos: info@nalibali.org



Konseptualisering en projekbestuur: Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA)
Vertaling: Anita van Zyl
Redigering en proeflees: Ilse von Zeuner
Nal'ibali-karakterillustrasies: Rico
Ontwerp: Magenta Media
Geset deur: Baseline Publishing Services

# Waarom lees vir genot belangrik is

Volwassenes begin al hoe meer besef hoe 'n groot verskil hulle aan kinders se lewens kan maak deur bloot stories met hulle te deel.

Ons weet reeds 'n geruime tyd dat stories die taal-areas in die brein stimuleer. Maar nou kan breinskanderings wys hoe stories ook baie ander dele van die brein stimuleer. Hierdie skanderings dui daarop dat die brein nie juis 'n onderskeid maak tussen wanneer ons van 'n ervaring lees of dit self ervaar nie. Dit beteken dat die wêrelde waarvan ons in stories lees, ons toelaat om soveel meer te ervaar en te leer as wat ons ooit in ons eie lewens sou kon doen! Lees vir genot is dus 'n noodsaaklike deel van skool, en nie net 'n lekker aktiwiteit wat aan die einde van die skooldag aangelas moet word nie.

Daar is talle ander voordele! Hier volg slegs 'n paar.

- Om hardop saam met kinders te lees, is bekend as die belangrikste aktiwiteit om die kennis en vaardighede te bou wat hulle nodig het om te leer lees.
- Stories stel kinders aan ryk, komplekse taal bloot. Hulle verdiep kinders se kennis oor hoe ons taal gebruik, leer vir hulle woordeskat en grammatika, en bied aan hulle nuwe maniere om hulself uit te druk.
- Interessante en opwindende stories help om kinders se verbeelding en kreatiwiteit te stimuleer.
- Stories bied voorbeelde van hoe mense die uitdagings waarvoor hulle te staan kom, hanteer, en help kinders om empatie te ontwikkel.
- Kinders vir wie stories gelees word, vind dit makliker om abstrakte konsepte te vorm in verskillende skoolvakke. Met ander woorde, om na stories te luister, maak kinders slimmer!
- Om hardop vir kinders te lees sal hulle nie met 'n towerslag eerste in die klas laat staan nie, maar dit sal hulle help om uitmuntende geheues te ontwikkel, om meer te verstaan en te ken, en om krities en logies te dink.

Wanneer stories en lees vir kinders goed voel, word hulle lesers. Ons almal herhaal dinge wat vir ons lekker is. Wanneer kinders dus die opwinding rondom boeke en lees by hulle skool sien en voel, sal hulle deel wil wees van die leespret.



# Lees hardop vir groepe kinders

Kinders kan stories wat ver bo hul eie leesvermoë is, verstaan en geniet wanneer die stories vir hulle hardop gelees word in tale wat hulle ken. Maar hardop lees kom nie altyd natuurlik nie! Dit verg baie oefening om 'n storie lewendig te maak – of jy nou vir 'n groep kinders, 'n klas of die hele skool lees. Hier is 'n paar wenke om jou te help.

## Maak gereed

Elke groep kinders vir wie jy lees, is uniek, en as jy dus baie boeke ken, sal jy makliker een kan kies wat hulle sal geniet. Jy sal ook jou manier van lees moet aanpas by die verskillende omgewings waarin jy die storie gaan lees. Vra jou hierdie vrae af om jou te help om voor te berei.

- **Watter storie moet ek kies?** Kies stories wat jy geniet om te lees, wat by jou gehoor se belangstellings pas, in 'n taal geskryf is wat die kinders maklik verstaan, en wat hulle horisonne sal verbreed. Pragtig geïllustreerde prenteboeke kan deur kinders van alle ouderdomme geniet word. Boeke met rym, ritme en herhaling werk goed as jy vir jong kinders hardop lees, en is ook 'n wonderlike manier om 'n nuwe taal bekend te stel. Stories waarin daar geleenthede is om met verskillende karakters se stemme te lees, is dikwels goeie stories om vir groepe hardop te lees.



- **Vir wie lees ek?** Dink oor die ouderdomme van die kinders wat na die storie luister, en pas dan die manier waarop jy lees hiervolgens aan. As jy vir 'n groep kinders van verskillende ouderdomme lees, kies 'n styl wat by die jonger kinders in die groep aanklank sal vind.
- **Hoe groot is die groep vir wie ek gaan lees?** Gaan jy vir jou klas lees, of vir die hele skool? Indien jy vir 'n groep lees wat die prente maklik sal kan sien, of as jy kan rondbeweeg terwyl jy lees, moet jy die prente in die boek vir die kinders wys terwyl jy lees. Wanneer jy vir 'n groot groep lees, gebruik liggaamsbewegings, klankeffekte en rekwisiete om jou storie lewendig te maak.
- **Waar gaan ek lees?** Besluit waar jy die storie gaan lees en besluit dan hoe om die kinders gemaklik en ontspanne te laat voel terwyl jy vir hulle lees. As jy byvoorbeeld vir hulle buite gaan lees, laat hulle gemaklik in die skaduwee sit waar hulle jou almal maklik sal kan hoor. (Jy kan 'n luidspreker gebruik as die groep baie groot is!)
- **Watter storiehulpmiddels kan ek gebruik?** Prente, poppe, hoede en voorwerpe wat in die storie genoem word, kan alles gebruik word om te help om die storie lewendig te maak.

Al doende leer 'n mens, en daarom is dit altyd 'n goeie idee om die storie 'n paar keer hardop te lees voordat jy dit vir 'n groep kinders lees!

## Lees die storie

- Kinders mag tyd nodig hê om rustig te raak voordat jy begin lees. Jong kinders reageer goed wanneer hulle moet raai waaroor die storie gaan na aanleiding van die titel en kunswerk op die omslag van die boek. Vra ouer kinders om te herroep wat in 'n storie gebeur het waar julle vorige hardop-lees-sessie geëindig het. Of nooi 'n kind om aan die begin van die storie 'n kers aan te steek, en 'n ander kind om dit aan die einde van die sessie dood te blaas.
- Begin deur die naam van die skrywer (en illustreerder) te lees sodat kinders sal besef en waardeer dat boeke deur mense nes hulle geskep word!
- Om hardop te lees is altyd 'n vertoning! Lees met baie gevoel in jou stem om die regte stemming te skep! Bly op die regte plekke stil om spanning op te bou.
- Wees bewus van jou luisteraars en moenie te vinnig lees nie! Laat genoeg tyd toe vir hulle om goed na die illustrasies te kyk of om 'n prentjie in hul gedagtes te skilder terwyl jy lees.
- Trek die kinders in die storie in. Vra hulle wat hulle dink volgende gaan gebeur en moedig hulle aan om te dink oor hoe die storie by hul eie idees en ervarings inpas.
- Moedig die kinders aan om saam met jou te lees namate hulle die storie begin ken.
- Wanneer jy 'n prenteboek lees, maak seker elke kind kan die prente sien. Hou op lees om die prente te wys, en laat hulle kommentaar lewer of vrae vra terwyl jy lees of nadat jy die hele boek een keer deurgelees het.
- As jy 'n roman hardop lees, lees elke dag 'n hoofstuk of deel van 'n hoofstuk. Vind 'n plek in die storie waar jy kan ophou lees en wat jou luisteraars sal laat uitsien daarna om die volgende dag verder te lees.



# Lees-vir-genot-aktiwiteite

As jy wil hê dat die kinders in jou klas lief moet wees vir lees, moet jy gereeld vir hulle lees – nie sodat jy hulle luistervaardighede of begrip, of enigiets anders kan assesseer nie, maar bloot sodat hulle die genot van stories en boeke kan ervaar. Wanneer jy daarop fokus om kinders te help om die vreugde van lees te verken, ontwikkel geletterdheid terselfdertyd heel natuurlik.

Hier volg 'n paar idees wat jy met kinders van verskillende ouderdomme kan gebruik om oor die stories wat jy vir hulle lees te gesels, en ook om dit uit te brei.




## Gesels oor boeke

Om met kinders oor boeke te gesels, is net so belangrik as om die woorde vir hulle te lees. Deur die prente, karakters en gebeure in 'n storie te bespreek, leer kinders hoe boeke werk en hoe om boeke te verken. Laat die gesprekke natuurlik vloei, eerder as om kinders te probeer onderrig. Onthou, die idee is om boeke saam te verken.

- Help om kinders se voorspellingsvaardighede, wat so belangrik is om goed te lees, ontwikkel deur soms, terwyl jy lees, te vra: "Wat dink julle gaan volgende gebeur?"
- Hou soms 'n rukkie op lees sodat kinders kan kommentaar lewer op die besonderhede in die illustrasies waarin hulle belangstel.
- Verdiep die kinders se begrip van 'n storie deur vrae met oop eindes te vra. Hierdie soort vrae het geen regte of verkeerde antwoorde nie, en dit help kinders om oor stories te dink en te gesels. Byvoorbeeld: "Hoe sal jy voel as …?", "As jy hy was, wat sou jy gedoen het?", "Waarom dink jy het sy dit gedoen?", "Waaraan herinner dit jou?"
- Laat jonger kinders ook toe om hulle eie vrae te vra. Beantwoord hul vrae as jy kan, of vind saam die antwoorde deur die toepaslike dele van die storie weer te lees.
- Moedig die kinders aan om oor die storie te dink deur kommentaar te lewer op karakters en gebeure. Byvoorbeeld: "Ek wonder hoekom sy dit gedoen het?" en "Ek dink nie ek sou so dapper gewees het soos Tselane as ek daardie vreesaanjaende reus by my voordeur gesien het nie!"






## Brei die storie uit

Hier volg 'n paar idees om die stories wat jy hardop lees, uit te brei. Kies dié wat jy dink die kinders in jou klas die meeste sal geniet en dié wat die beste by hulle ouderdomme pas.

- Nooi die kinders om die storie in groepe op te voer.
- Verander 'n storie in 'n toneelstuk. Besluit saam met die kinders wat die karakters gaan sê en skryf dit saam neer. Dan kan hulle beurte maak om die verskillende karakters se rolle in die toneelstuk te lees.
- Maak saam met die kinders handpoppe of klei- of speeldeegfigure van die karakters. Laat hulle dit dan gebruik om die storie op hulle eie manier oor te vertel, of om hul eie nuwe storie op te maak.
- Stel voor dat die kinders 'n prent van die storie teken, of een wat deur die storie geïnspireer is. Moedig hulle aan om oor hulle prent te skryf en/of om die sinne van die storie wat by hulle prent pas, neer te skryf.
- Laat die kinders 'n brief of 'n e-posboodskap aan een van die storiekarakters skryf. Of stel voor dat hulle 'n brief van een storiekarakter aan 'n ander karakter in die storie skryf.
- Laat die kinders 'n strokiesprent van hulle gunstelingtoneel in 'n boek teken.
- Stel voor dat hulle 'n dagboekinskrywing skryf wat een van die karakters in die storie dalk kon geskryf het.
- Moedig die kinders aan om 'n nuwe omslag vir die boeke te ontwerp.
- Vra die kinders of daar 'n aanhaling in die storie is waarvan hulle besonder baie hou. Laat hulle dit uitskryf en stal dan hierdie aanhalings uit. Laat tyd toe sodat hulle dit ook vir die res van die klas kan lees.

## Ander boekaktiwiteite

- Laat die kinders 'n "verkoopspraatjie" lewer waar hulle voorgee om 'n boek wat hulle gelees het, aan die ander kinders in die klas te verkoop.
- Nooi die kinders om boekmerke met 'n storietema te maak. Vra hulle om die titel van die boek en die skrywer se naam aan een kant te skryf, en 'n kort opsomming van die storie aan die ander kant.
- Laat ouer kinders op 'n leeslys rekord hou van die stories wat hulle gelees het. Jy kan 'n leeslys aflaai van die "Story supplies"-afdeling op die Nal'ibali-webwerf: **www.nalibali.org**. Jonger kinders kan 'n prent teken van die omslag van die boeke wat hulle gelees (of gekamma-lees) het, en dit dan in 'n lêer of kartonboks bêre.

# Stories as deel van die kurrikulum

Het jy al gewonder hoe om stories te gebruik om leer in verskillende vakke vas te lê? Hier volg 'n paar idees om dit te doen. Kies dié wat die beste by jou kinders se ouderdomme pas.

## Idees vir taalaktiwiteite

Hierdie idees kan in lesse vir huistaal en addisionele taal gebruik word.

- Skep 'n storie-gesentreerde klaskamer deur elke dag met 'n storie te begin en af te sluit.
- Gedigte vertel ook stories. Laat die kinders 'n gedig lees en dit dan opvoer, of hulle kan prente teken wat deur die gedig geïnspireer is, of nog 'n paar van hul eie versies byvoeg. Jy kan ook die kinders vra om hul eie gedigte te skryf, en wanneer hulle klaar is, kan hulle dit met ander deel deur dit vir 'n paar klasmaats te fluister.
- Help die kinders om te verken hoe om verskillende soorte tekste te skep. Hulle kan in groepe werk om 'n TV-nuusberig oor een van die gebeure in 'n storie te skryf. Of hulle kan 'n lys vrae opstel en dan 'n onderhoud voer met 'n klasmaat wat voorgee om 'n karakter in die storie te wees.
- Skep 'n veeltalige woordemuur. Moedig die kinders aan om interessante woorde wat hulle in stories gelees het, neer te skryf en voeg dit by die muur.
- Moedig die kinders aan om hulle te verbeel dat hulle op 'n reis gaan saam met een of meer van die karakters in 'n storie. Hulle kan prente teken en lysies skryf van die dinge wat hulle saam met hulle op die reis moet neem. (Indien nodig, laat jonger kinders vir jou sê wat hulle wil hê jy moet op hul lyste skryf.)
- Nooi die kinders om 'n beskrywing te gee van die voorkoms en persoonlikheid van hul gunstelingkarakter in 'n storie wat julle saam gelees het. Of laat hulle 'n prent van hul gunstelingkarakters teken en met 'n paar klasmaats daaroor gesels.
- Is daar dinge wat in die storie gebeur waaroor die kinders nuuskierig is? Byvoorbeeld, waarom 'n karakter sekere keuses gemaak het. Stel voor dat hulle 'n brief aan hierdie karakter skryf om meer inligting te vra – en dan kan hulle ook die karakter se antwoord op hierdie brief skryf!
- Nooi die kinders om 'n ander begin of einde vir 'n storie te skryf nadat julle dit klaar gelees het. (Byvoorbeeld, as die storie 'n hartseer einde het, kan hulle 'n gelukkige einde skryf.) Of, hulle kan die eerste paar paragrawe van 'n hoofstuk skryf wat op die einde van 'n roman volg.
- Versamel 'n klomp klein voorwerpe wat maklik is om te vind, soos 'n veer, haarknippie, rekkie, potlood, geadresseerde koevert, klip, sokkie en lepel. Laat elke kind een van die voorwerpe kies en die voorwerp se "lewensverhaal" uitdink en skryf, byvoorbeeld, aan wie dit behoort het, hoe hierdie persoon dit gebruik het, hoe hulle dit gekry het, en waar dit vandaan gekom het voordat dit hulle s'n was.



## Storie-idees vir ander vakke

- Maak Geskiedenis lewendig deur stories te lees oor gebeure uit die verlede. Stories oor groot ontdekkings en die lewens van wetenskaplikes, dokters, leiers en uitvinders bied rolmodelle en inligting.
- Tradisionele stories is 'n wonderlike manier om uit te vind hoe mense van verskillende plekke en uit 'n ander tyd die wêreld om hulle verstaan het.
- Lees 'n storie wat in 'n ander land afspeel, en laat die kinders dan die internet en feiteboeke gebruik om meer oor hierdie land uit te vind.
- Laat die kinders kaarte en/of atlasse gebruik om die plekke te vind waarvan hulle in stories lees, of om die reis van 'n storiekarakter te volg.
- Baie kinders kom voor groot uitdagings te staan, soos om aan die ontvangkant van vooroordeel te wees, of die dood van 'n geliefde, of egskeiding. Stories bied vir ons 'n vertrekpunt om dinge te bespreek wat deel vorm van Lewensvaardighede/ Lewensoriëntering, en wat soms moeilik is om oor te gesels. Wanneer jy vrae met oop eindes oor 'n storie vra, bied jy kinders 'n veilige manier om oor hul persoonlike bekommernisse, emosies of idees te dink en te praat. Stories kan kinders help om 'n uitdagende situasie beter te verstaan, om te ontdek hoe om dit te hanteer en om die opsies wat beskikbaar is, te verken.
- Stories bied baie geleenthede vir visuele kuns. Kinders kan byvoorbeeld prente teken en verf wat deur die storie geïnspireer is om dele van die storie te illustreer, of hulle kan klei of herwinde afvalmateriaal gebruik om modelle van tonele in die storie te bou.





# Hulpbronne en lees vir genot

Enige boek wat kinders geniet, is 'n goeie boek, want dit gee stukrag aan hul liefde vir lees en stories.

## Vind leeshulpbronne

- Kry soveel moontlik verskillende soorte leesmateriaal waaruit kinders kan kies: prenteboeke, romans (vir ouer kinders), feiteboeke, biografieë, poësie, kindertydskrifte, en die tweetalige Storiehoekie-stories en knip-uit-en-bêreboekies in die Nal'ibali-koerantbylae.
- Niks klop 'n storie in jou huistaal nie. Maak dus seker dat jy boeke in die kinders se huistaal/-tale en ook in hul addisionele taal het.
- Kies boeke wat by die belangstellings en leesvlak van die kinders in jou klas pas.
- Onthou dat jy boeke meer as een keer kan lees! Kinders geniet dit dikwels as hulle gunstelingstories weer en weer vir hulle gelees word.
- Lees, skryf en teken gaan hand aan hand! Maak dus seker dat jy 'n goeie voorraad papier, kryte, penne en potlode in jou klaskamer het.



Jy kan meer inligting oor hulpbronne in Story Power-gids 1 en 2 vind. Hierdie gidse is beskikbaar by **www.nalibali.org**.

## Stal boeke uit

Boekuitstallings nooi kinders om boeke uit te toets! Dit vertoon die boeke wat beskikbaar is en waaruit hulle kan kies wanneer hulle wil lees.

Stal boeke uit wat jy wil hê die kinders moet raaksien. Dit kan boeke wees wat verband hou met 'n spesifieke vakansie, viering of tema. Of skep 'n boekuitstalling van boeke wat deur die kinders gelees en geresenseer is!

Onthou!

- Stal boeke uit in al die tale wat die kinders praat.
- Sluit die boeke in wat jy hardop gelees het sodat die kinders dit op hulle eie en saam met maats kan verken.
- Die uitstalling moet op kinders se ooghoogte wees sodat hulle die boeke maklik kan sien en kan bykom.
- Hou die uitstalling interessant en vars deur die boeke elke week of elke twee weke te ruil. (Jy kan boeke weer gebruik as deel van 'n latere uitstalling.)

Buiten die gebruik van tradisionele boekrakke of 'n klein, lae tafel, is daar ander aantreklike maniere om boeke uit te stal. Byvoorbeeld:

- Hang prenteboeke oor 'n lae wasgoedlyn wat van een kant van die klaskamer tot by die ander kant van die klaskamer gespan is.
- Maak boekrakke uit plastiekgeute wat teen 'n muur vasgesit is en stal boeke hierop uit.
- Gebruik 'n ou droograk uit die kombuis en stal van die boeke uit in die rakkies wat gewoonlik vir borde gebruik word.


## Hanteer boeke met sorg

Boeke is kosbaar, en dit is verstaanbaar dat ons hulle wil bewaar. Maar kinders moet die boeke lees, en hulle kan dit nie doen as die boeke toegesluit is nie! Kinders moet tyd hê om op hul eie na boeke te kyk of hulle te lees. Dit is natuurlik vir hul gunstelingboeke om na 'n tyd effe verweer te lyk.

Hier volg 'n paar voorstelle om kinders te leer hoe om boeke met sorg te hanteer sodat hulle dit weer en weer kan geniet.

- Ons kan nie van kinders verwag om boeke met sorg te hanteer as hulle nie lief is vir stories nie! Wanneer jy tyd saam met kinders deurbring en vir hulle stories lees, leer hulle gou om boeke te koester.
- Kinders leer meer deur te kyk wat ons doen as wanneer ons vir hulle sê wat om te doen. As jy dus nie boeke met sorg hanteer nie, kan jy nie van jou kinders verwag om dit te doen nie! Wys vir hulle hoe om boeke te hanteer. Wanneer jy byvoorbeeld vir hulle lees, kan jy die bladsye versigtig omblaai, en wanneer jy 'n storie klaar gelees het, kan jy die boek weer op sy plek in die boekrak bêre.
- Moedig ouderdomsgepaste boekgedrag aan. Ons kan byvoorbeeld van sewejariges verwag om die bladsye van 'n boek versigtig om te blaai, maar baie vyfjariges leer nog hoe om dit te doen.
- Help kinders om na boeke om te sien deur spesiale plekke te skep om die boeke te bêre. Jy kan rakke gebruik wat die kinders maklik kan bykom, en ook versierde graankosbokse, skoenbokse, roomyshouers en mandjies.

Soos met die meeste dinge in die lewe verg dit tyd, oefening en aanmoediging om boeke met sorg te hanteer. Kinders sal dit soveel vinniger leer as hulle die genot ervaar wat lees en boeke bied.




**Waar om gratis stories te kry**
- Nal'ibali: **www.nalibali.org**, **www.nalibali.mobi**
- Bookdash: **www.bookdash.org**
- African Storybook: **www.africanstorybook.org**
- FunDza (vir tieners): **www.fundza.co.za**, **www.live.fundza.mobi**

# Meer tale, meer hulpbronne

Vir kinders behoort dit nie 'n opsionele ekstra te wees dat iemand vir hulle in hul eie taal lees nie. Dit is regtig 'n noodsaaklike en kragtige deel daarvan om taal aan te leer en geletterdheid te ontwikkel. Wanneer jy gereeld vir kinders in hulle huistaal/-tale lees, gee jy vir hulle 'n sterk taalgrondslag wat leer soveel makliker maak.

As jy nie verstaan wat jy lees nie, lees jy nie regtig nie – ongeag van hoe goed jy die woorde op die bladsy kan opsê! Dit neem baie jare om 'n ander taal goed te leer lees. Omdat begrip die kern van lees is, moet kinders in hulle huistaal/-tale na stories luister. Hulle kan dan heeltemal op die vloei van die storie fokus, in plaas daarvan om te sukkel om 'n taal wat hulle nie goed ken nie, te verstaan.

Jy behoort ook vir kinders stories in hul addisionele taal te lees – dit help hulle om die nuwe taal aan te leer.

En hoe meer tale jy in jou klaskamer of in die skool het, hoe meer hulpbronne het jy om uit te put! Vier en gebruik al die tale op een of al die volgende maniere:

- Sing liedjies en sê rympies op in die huistaal/-tale van al die kinders, en stel dit dan geleidelik ook in hul addisionele taal bekend.
- Omring kinders met die gedrukte woord in al hulle tale deur jou eie tweetalige of veeltalige plakkate te maak oor onderwerpe waarin hulle belangstel. Of skryf rympies, liedjies en raaisels in verskillende tale op groot velle papier en stal dit uit.
- Gebruik al die tale wat jy kan praat en lees, en lees dan vir die kinders hardop in hierdie tale. As nie al die kinders hierdie tale ken nie, gebruik dan 'n ander volwassene as tolk om elke bladsy wat jy lees, te vertaal.
- Gebruik 'n selfoon om ouers, grootouers en ander versorgers op te neem wat stories in hulle huistaal/-tale vertel – en laat die kinders dan na hierdie opnames van die stories luister.
- Laat kinders wat dieselfde huistaal praat, in groepe storieboeke lees en daaroor gesels.
- Skep 'n boodskapmuur waar onderwysers en kinders vir mekaar boodskappe kan skryf in die taal van hul keuse.





Vind stories in elf tale by **www.nalibali.org** en **www.nalibali.mobi**. Vind idees oor hoe om 'n omgewing wat ryk is aan gedrukte woorde te skep in Story Power-gids 2, beskikbaar by **www.nalibali.org**.

# Maak stories deel van die skoollewe

Laat die kinders in julle skool lees en die vertel van stories gereeld as deel van hul lewens by die skool ervaar – nie net in die klaskamer nie, maar ook op ander tye.

## Voor skool

- Moedig ouers en ander versorgers aan om op pad skool toe vir kinders stories te lees en te vertel. Hulle kan stories in al elf tale op hul selfone kry by **www.nalibali.mobi**.
- Skep 'n ruimte met prenteboeke waar ouer kinders wat vroeg by die skool aankom, saam met jonger kinders kan sit en vir hulle stories kan lees.



- Gebruik die skool se interkomstelsel vir gereelde storievertel-sessies. Onderwysers en ouer kinders kan 'n storie lees of vertel, terwyl die res van die kinders in hul klaskamers daarna luister.
- Organiseer prettige boekaktiwiteite tydens pouses. Hou byvoorbeeld 'n boekskattejag. Fotokopieer die omslae van sowat tien van die kinders se gunstelingboeke. Skryf op die agterkant van elke fotokopie leidrade wat vir almal sê waar hulle moet soek om die volgende versteekte boekomslag te vind. Steek dan die boekomslae op verskillende plekke op die speelgrond weg, en laat die kinders dit geniet om die leidrade te gebruik om almal te vind.
- Begin 'n #Word-betrap-terwyl-jy-lees-veldtog. Laat die onderwysers wat pouses speelgronddiens doen hul selfone gebruik om foto's te neem van kinders wat hulle tydens pouses sien lees. Druk die foto's uit en steek dit teen 'n kennisgewingbord vas. Maak spesiale plakkers vir jou skool waarop staan: "Ek is betrap terwyl ek gelees het", en gee een vir elke kind wat afgeneem word!

## Gedurende skooltyd

- Verander minstens een saalbyeenkoms per maand in 'n byeenkoms wat op stories fokus. Reël dat een van die personeellede 'n storie vertel, laat 'n groep kinders 'n storie opvoer, of vra 'n klas om vir die res van die skool te vertel wat hulle doen om 'n liefde vir lees te kweek.

## Na skool

- Maak lees vir genot deel van wat kinders na skool doen deur 'n leesklub by julle skool te begin. Vind meer uit hieroor in Story Power-gids 2, beskikbaar by **www.nalibali.org**.



# Spesiale storie-vierings

Hou die storie-gees in jou skool lewendig deur regdeur die jaar spesiale dae te vier, en deur ander storiebyeenkomste te reël. Beplan om een of twee van hierdie spesiale geletterdheidsdae per jaar te vier, of kies ander waarvan jy weet.

**Wêrelddag vir Hardop Lees:** elke jaar in Februarie/Maart

**Internasionale moedertaaldag:** 21 Februarie

**Storieverteldag:** 20 Maart

**Wêreldboekedag:** 23 April

**Word-betrap-terwyl-jy-lees-maand:** Mei

**Boekwurmdag:** 9 Augustus

**Internasionale Geletterdheidsdag:** 8 September

**Internasionale Prenteboekmaand:** November




## Idees vir byeenkomste

- **Storievertellers op toer.** Sit oor 'n paar dae tyd opsy vir die kinders in een klas om te oefen om 'n storie te vertel. Vorm dan klein groepe wat van klas tot klas gaan en vir die kinders in die ander klasse 'n storie vertel.
- **Besoeke deur skrywers en illustreerders.** Nooi skrywers en/of illustreerders om jou skool te besoek en vir die kinders uit een van hulle boeke voor te lees, en dan te gesels oor hoe hulle hul boeke skryf en/of illustreer.



- **Maak boeke.** Bied 'n "Maak 'n boek"-dag vir die familie aan. Verskaf baie papier, kryte, kleurpotlode, potlode en penne en nooi kinders en hulle families om skool toe te kom en hulle eie boeke te maak. Elkeen kan 'n boek maak, of hulle kan saam met 'n maat of in klein groepe werk om boeke te maak.
- **Aantrekspeletjie.** Laat die kinders soos hul gunstelingkarakters uit stories aantrek en so skool toe kom. (Moenie vergeet om die personeel te herinner om ook soos storiekarakters aan te trek nie!)
- **Leesmarathon.** Vind uit hoe lank aanmekaar jou skool kan lees deur 'n leesmarathon te hou. Laat drie of vier kinders uit elke klas vir sowat 10 tot 15 minute lees voordat die volgende groep begin. Hou so lank moontlik hiermee aan om te sien watter klas die langste kan lees sonder om op te hou.
- **Storievertel-talentkompetisie.** Hou 'n talentkompetisie waar kinders boekpryse kan wen deur vir 'n gehoor van ouers, personeel en ander kinders stories te vertel.

Spesiale storiebyeenkomste inspireer die hele skoolgemeenskap, insluitend kinders, personeel, ouers en ander versorgers, en gemeenskapslede, om aan te hou lees en stories te vertel.

# Stories oral om ons



Deur stories deel van die fisiese omgewing van julle skool te maak, stuur julle 'n duidelike boodskap aan almal dat julle skool glo dat lees en die vertel van stories belangrik is. Hier volg 'n paar praktiese maniere waarop julle dit kan doen.


- Maak 'n kennisgewingbord waar kinders inligting kan vassteek oor dit wat hulle lees. Skryf 'n opskrif vir die kennisgewingbord, byvoorbeeld, "Wat ons lees" of "Ons lees ...". Los dan velletjies papier langs die bord sodat kinders kan neerskryf wat hulle van 'n boek dink, en dit teen die bord kan vassteek. Die papier behoort plek te hê vir die titel van die boek, die skrywer se naam en kommentaar oor die boek. Jy kan ook sterretjies onder aan die vel papier insluit wat die kind kan inkleur om te wys hoe baie hulle van die boek gehou het.
- Maak plek teen een van die mure in die personeelkamer om inligting oor boeke, skrywers, illustreerders, artikels oor geletterdheid en aktiwiteitsidees vir die personeel uit te stal. Maak seker jy verander dit gereeld om dit vars en interessant te hou.
- Verf 'n muur op die speelgrond met swartbordverf en gee vir kinders bordkryt om hulle stories daarop te skryf. Kinders kan ook pret hê deur 'n ander kind se storie verder te vertel. Moedig hulle aan om positiewe kommentaar op die muur te skryf oor die stories wat hulle gelees het.
- Vind inspirerende aanhalings oor lees en skryf in boeke en op die internet. Vertaal die aanhalings in al die tale wat by julle skool gepraat word, en skryf elke aanhaling in groot letters op 'n afsonderlike vel papier. Stal die aanhalings oral in die skool uit om almal, ook besoekers, te inspireer!

"Goeie boeke help 'n mens om te verstaan, en hulle help jou om te voel dat jy verstaan word."
*John Green*

"Die enigste belangrike ding in 'n boek is die betekenis wat dit vir jou het."
*W. Somerset Maugham*

"As jy nie van iemand se storie hou nie, skryf jou eie."
*Chinua Achebe*

"Daar is betowering oral om jou. Sit terug en ontspan, al wat jy nodig het, is 'n boek!"
*Dr. Seuss*



"'n Storie vir kinders wat slegs deur kinders geniet kan word, is hoegenaamd nie 'n goeie storie vir kinders nie."
*C.S. Lewis*


# Maak kontak met Nal'ibali

**Word deel van die Nal'ibali-netwerk en gebruik die krag van stories om kinders te inspireer om te wil lees en skryf.**

Besoek ons verskillende platforms vir lees-vir-genot-hulpbronne en -wenke, en stories vir kinders in 11 tale.

## Nal'ibali-bylaes

Kry jou tweetalige lees-vir-genot-koerantbylae in die *Sowetan, Sunday Times Express*, die *Daily Dispatch* en *The Herald*. Vir meer inligting, gaan na **www.nalibali.org**.



## Nal'ibali op die radio

Skakel in op Nal'ibali se radioprogramme op die SABC se openbare radiostasies en geniet kinderstories in al 11 amptelike tale. Gaan na **www.nalibali.org** vir die Nal'ibali-**radioskedule**.

## www.nalibali.org

Gaan na die Nal'ibali-**webwerf** vir gratis wenkblaaie, blogs oor geletterdheid, leeswenke en kinderstories.





## www.nalibali.mobi

Kry storievertel- en leeswenke, leesklubsteun en stories in 11 Suid-Afrikaanse tale – op jou **selfoon**!



## Sosiale media

Gesels saam op **Facebook** en volg ons op **Twitter** en **Instagram** vir inspirerende lees-vir-genotwenke en bygewerkte inligting. Besoek ook ons **YouTube**-kanaal, **www.youtube.com/user/TheNalibaliChannel** vir nuttige leesklubwenke.

Ed 2.Mar2019.Afr

**Skakel ons** inbelsentrum by **02 11 80 40 80**, of kontak ons op een van die volgende maniere: www.nalibali.org www.nalibali.mobi nalibaliSA @nalibaliSA @nalibaliSA info@nalibali.org